REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Staatskoerant
Government Gazette

Verkoopprys • Selling price
(AVB uitgesluit/GST excluded)
Plaaslik **45c** Local
Buitelands **60c** Other countries
Posvry • Post free

As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer

Registered at the Post Office as a Newspaper

Vol. 255 PRETORIA, 26 SEPTEMBER 1986 No. 10464

PROKLAMASIE

van die

Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika

No. 173, 1986

UITSNYDING VAN SEKERE GROND UIT DIE OOPGESTELDE GEBIED IN DIE DISTRIKTE CATHCART EN MACLEAR, PROVINSIE DIE KAAP DIE GOEIE HOOP

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2 (2A) (b) van die Ontwikkelingstrust en Grond Wet, 1936 (Wet 18 van 1936), verklaar ek hierby dat die gronde omskryf in die Bylae hiervan, vanaf die datum van publikasie hiervan, weggeneem word uit Oopgestelde Gebied.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Drie-en-twintigste dag van Junie Eenduisend Negehonderd Ses-en-tagtig.

P. W. BOTHA,

Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-Kabinet:

G. VAN N. VILJOEN,

Minister van die Kabinet.

BYLAE

PROVINSIE DIE KAAP DIE GOEIE HOOP

1. *Distrik Cathcart*

Gedeelte 1 van die plaas Turnstream 237 en Gedeelte 1 van die plaas Beacon Peak 232.

2. *Distrik Maclear*

Gedeelte 5 (Bonny Ridge) en Gedeelte 7 (Goedgedacht) van die plaas Retreat 346.

PROCLAMATION

by the

State President of the Republic of South Africa

No. 173, 1986

EXCISION OF CERTAIN LAND FROM THE RELEASED AREA IN THE DISTRICTS OF CATHCART AND MACLEAR, PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE

Under and by virtue of the powers vested in me by section 2 (2A) (b) of the Development Trust and Land Act, 1936 (Act 18 of 1936), I hereby declare that the land defined in the Schedule hereto shall, as from the date of publication hereof, be excised from the Released Area.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Cape Town this Twenty-third day of June, One Thousand Nine hundred and Eighty-six.

P. W. BOTHA,

State President.

By Order of the State President-in-Cabinet:

G. VAN N. VILJOEN,

Minister of the Cabinet.

SCHEDULE

PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE

1. *District of Cathcart*

Portion 1 of the farm Turnstream 237 and Portion 1 of the farm Beacon Peak 232.

2. *District of Maclear*

Portion 5 (Bonny Ridge) and Portion 7 (Goedgedacht) of the farm Retreat 346.

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

ADMINISTRASIE: RAAD VAN AFGEVAARDIGDES

DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR

No. 2040 **26 September 1986**

STATUUT VAN DIE UNIVERSITEIT VAN DURBAN-WESTVILLE

Die Minister van Onderwys en Kultuur in die Raad van Afgevaardigdes het kragtens subartikel (2) van artikel 17 van die Wet op Universiteite, 1955 (Wet 61 van 1955), sy goedkeuring geheg aan die Statuut van die Universiteit van Durban-Westville soos kragtens subartikel (1) van genoemde artikel deur die raad van genoemde Universiteit opgestel en soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

BYLAE

STATUUT VAN DIE UNIVERSITEIT VAN DURBAN-WESTVILLE

HOOFSTUK 1

WOORDOMSKRYWING

1. In hierdie Statuut, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n uitdrukking waaraan in die Wet 'n betekenis geheg is, dieselfde betekenis en beteken—

(i) ''akademiese jaar'' die gedeelte van 'n kalenderjaar deur die raad op aanbeveling van die senaat goedgekeur vir die akademiese aktiwiteite van die Universiteit; (i)

(ii) ''behoorlike kennis'' 'n skriftelike kennisgewing per pos gestuur na die betrokke persoon se jongste adres wat aan die begin van die vereiste tydperk van kennisgewing deur die registrateur aangeteken is; (iii)

(iii) ''die Wet'' die Wet op die Universiteit van Durban-Westville, 1983 (Wet 81 van 1983); (vi)

(iv) ''kanselier'' die kanselier van die Universiteit in artikel 5 van die Wet bedoel; (ii)

(v) ''registrateur'' 'n registrateur van die Universiteit in artikel 4 (h) van die Wet bedoel; (v)

(vi) ''rektor'' die rektor of waarnemende rektor van die Universiteit kragtens artikel 7 van die Wet aangestel; (iv)

(vii) ''vise-rektor'' die vise-rektor of waarnemende vise-rektor van die Universiteit kragtens artikel 7 van die Wet aangestel. (vii)

HOOFSTUK II

ALGEMENE BEPALINGS

2. (1) Wanneer vir enige doel ingevolge 'n bepaling van hierdie Statuut 'n kworum of 'n meerderheid van stemme 'n sekere numeriese breuk moet wees en dit in 'n bepaalde geval gebeur dat die kworum of meerderheid nie 'n heeltal is nie, word die volgende groter heeltal geag die vereiste kworum of meerderheid uit te maak.

(3) Toevallige nalaat of versuim om kennis te gee aan 'n persoon wat daartoe geregtig is om sodanige kennisgewing te ontvang, of om die notule van 'n vergadering aan 'n persoon te stuur wat daartoe geregtig is om die notule te ontvang, ingevolge 'n bepaling van hierdie Statuut, maak die betrokke verrigtings nie ongeldig nie.

GOVERNMENT NOTICES

ADMINISTRATION: HOUSE OF DELEGATES

DEPARTMENT OF EDUCATION AND CULTURE

No. 2040 **26 September 1986**

STATUTE OF THE UNIVERSITY OF DURBAN-WESTVILLE

The Minister of Education and Culture in the House of Delegates has, under subsection (2) of section 17 of the Universities Act, 1955 (Act 61 of 1955), approved of the Statute of the University of Durban-Westville, as framed under subsection (1) of the said section by the council of the said University and as set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

STATUTE OF THE UNIVERSITY OF DURBAN-WESTVILLE

CHAPTER 1

DEFINITIONS

1. In this Statute, unless the context otherwise indicates, any expression to which a meaning has been assigned by the Act shall have the same meaning, and—

(i) ''academic year'' means that portion of a calendar year approved by the council on the recommendation of the senate for the academic activities of the University; (i)

(ii) ''chancellor'' means the chancellor of the University referred to in section 5 of the Act; (iv)

(iii) ''due notice'' means a written notification dispatched by post to the last address registered with the registrar of the person concerned at the commencement of the period of notice required; (ii)

(iv) ''rector'' means the rector or acting rector of the University appointed under section 7 of the Act; (vi)

(v) ''registrar'' means a registrar of the University referred to in section 4(h) of the Act; (v)

(vi) ''the Act'' means the University of Durban-Westville Act, 1983 (Act 81 of 1983); (iii)

(vii) ''vice-rector'' means the vice-rector or acting vice-rector of the University appointed under section 7 of the Act. (vii)

CHAPTER II

GENERAL PROVISIONS

2. (1) Whenever for any purpose in terms of a provision of this Statute a quorum or a majority of votes is required to be a certain numerical fraction and it happens in any particular case that the quorum or majority is not an integral number, the next greater integral number shall be held to constitute the required quorum or majority.

(2) Accidental failure or omission to give notice to any person entitled to receive such notice, or to send the minutes of any meeting to any person entitled to receive them, in terms of a provision of this Statute shall not invalidate the relevant proceedings.

(2) Wanneer daar besluit word om 'n waarnemende rektor kragtens artikel 7 (4) van die Wet aan te stel, word sodanige aanstelling deur die raad *mutatis mutandis* ooreenkomstig subklousule (1) gedoen.

(3) Die rektor hou, onderworpe aan die voorskrifte van die raad, algemene toesig oor die Universiteit, en sy bevoegdhede, voorregte, werksaamhede en pligte is soos bepaal in die Wet en hierdie Statuut en soos uiteengesit in die diensvoorwaardes van toepassing op lede van die doserende personeel van die Universiteit.

8. (1) Die vise-rektor word deur die raad op 'n vergadering van die raad aangestel deur 'n meerderheid van die lede van die raad wat op die datum van die vergadering hul amp wettiglik beklee, en die vise-rektor beklee sy amp vir 'n tydperk deur die raad vasgestel, maar wat nie die ouderdomsperk wat vir die aftrede van lede van die doserende personeel van die Universiteit bepaal is, oorskry nie.

(2) Wanneer daar besluit word om 'n waarnemende vise-rektor kragtens artikel 7 (4) van die Wet aan te stel, word sodanige aanstelling deur die raad *mutatis mutandis* ooreenkomstig subklousule (1) gedoen.

(3) Die rektor kan van tyd tot tyd enige van sy bevoegdhede aan die vise-rektor delegeer, maar word nie van enige bevoegdheid aldus gedelegeer, onthef nie, en kan enige beslissing van die vise-rektor geneem by die uitoefening van sodanige bevoegdheid, wysig of intrek.

(4) Die bevoegdhede, voorregte, werksaamhede en pligte van die vise-rektor is soos bepaal in die Wet en hierdie Statuut en soos uiteengesit in die diensvoorwaardes van toepassing op lede van die doserende personeel van die universiteit, en hy moet daarbenewens die werksaamhede verrig en die pligte uitvoer wat die raad van tyd tot tyd bepaal.

HOOFSTUK V

DIE RAAD

Donateurs

9. (1) Enige persoon, met inbegrip van die genomineerde van 'n regspersoon, trust, vennootskap of enige ander vereniging van persone, wat aan die Universiteit 'n totale bedrag van minstens R1 000 geskenk het, of wat eiendom (roerend of onroerend) ter waarde van minstens R1 000 geskenk het, is verkiesbaar tot die raad ingevolge artikel 8 (1) (e) van die Wet.

(2) Elke persoon of genomineerde bedoel in subklousule (1), is geregtig om te stem in die verkiesing tot die raad in daardie subklousule bedoel.

Munisipalitiete

10. Die volgende munisipaliteite kies twee lede van die raad ingevolge artikel 8 (1) (g) van die Wet:

(a) Insipingo;
(b) Marburg;
(c) Pinetown;
(d) Stanger;
(e) Tongaat;
(f) Umzinto-Noord; en
(g) Verulam.

Verkiesing deur donateurs en munisipaliteite

11. Die verkiesing van 'n lid van die raad ingevolge klousules 9 en 10 geskied deur middel van posstemming op 'n wyse deur die raad bepaal.

Verstryking van ampstermyne van lede

12. Die sekretaris van die raad gee minstens drie maande voor die verstryking van die ampstermyn van 'n lid aangestel of verkies ingevolge artikel 8 (1) van die Wet, skriftelik kennis daarvan aan die betrokke owerheid of liggaam en volg die prosedures vasgestel deur die raad om die vakature te vul.

(2) Whenever it is decided to appoint an acting rector in terms of section 7 (4) of the Act, such appointment shall be made by the council *mutatis mutandis* in accordance with the provisions of subclause (1).

(3) The rector shall, subject to the council's directions, exercise general supervision over the University, and his powers, privileges, functions and duties shall be as provided in the Act and this Statute and as set out in the conditions of service applicable to members of the teaching staff of the University.

8. (1) The vice-rector shall be appointed by the council at a meeting of the council by a majority of the members of the council lawfully holding office on the date of the meeting, and the vice-rector shall hold office for a period as determined by the council, but not exceeding such age limit as may be fixed for the retirement of members of the teaching staff of the University.

(2) Whenever it is decided to appoint an acting vice-rector in terms of section 7 (4) of the Act, such appointment shall be made by the council *mutatis mutandis* in accordance with the provisions of subclause (1).

(3) The rector may from time to time delegate to the vice-rector any of his powers, but shall not be devisted of any power so delegated and may amend or rescind any decision of the vice-rector taken in the exercise of such power.

(4) The powers, privileges, functions and duties of the vice-rector shall be as provided in the Act and this Statute and as set out in the conditions of service applicable to members of the teaching staff of the University, and he shall in addition exercise such functions and perform such duties as the council may from time to time determine.

CHAPTER V

THE COUNCIL

Donors

9. (1) Any person, including the nominee of a juristic person, trust, partnership or any other association of persons, who has contributed in donations to the University a total amount of at least R1 000, or who has made a gift of property (movable or immovable) to the value of not less than R1 000, shall be eligible for election to the council in terms of section 8 (1) (e) of the Act.

(2) Every person or nominee referred to in subclause (1) shall be entitled to vote in the election to the council referred to in that subclause.

Municipalities

10. The following municipalities shall elect two members of the council in terms of section 8 (1) (g) of the Act:

(a) Isipingo;
(b) Marburg;
(c) Pinetown;
(d) Stanger;
(e) Tongaat;
(f) Umzinto North; and
(g) Verulam.

Election by donors and municipalities

11. The election of a member of the council in terms of clauses 9 and 10 shall be by postal ballot and shall be conducted in a manner determined by the council.

Expiration of periods of office of members

12. The secretary to the council shall not less than three months before the expiration of the period of office of a member appointed or elected in terms of section 8 (1) of the Act give notice in writing to the authority or body concerned and follow the procedures determined by the council for the filling of the vacancy.

HOOFSTUK III

DIE KANSELIER

Bevoegdhede en ampstermyn

3. (1) Die kanselier is die titulêre hoof van die Universiteit en ken namens die Universiteit grade toe.

(2) Die kanselier beklee sy amp vir 'n tydperk van vyf jaar, maar is herkiesbaar.

Verkiesing van kanselier

4. (1) Die voorsitter van die raad of, in sy afwesigheid, die rektor bepaal, behoudens die bepalings van klousules 5 en 6, die datum waarop 'n vergadering van die raad gehou moet word met die doel om 'n kanselier van die Universiteit te kies: Met dien verstande dat sodanige vergadering binne 90 dae nadat die amp van kanselier vakant geraak het, gehou word.

(2) Die sekretaris van die raad gee minstens 40 dae voor die datum ingevolge subklousule (1) bepaal, aan elke lid van die raad behoorlike kennis van die datum, plek en tyd van die vergadering, en stel ook die lede van die senaat in kennis van die datum daarvan en vra die lede van die raad en van die senaat om nominasies vir die amp van kanselier in te dien op 'n vorm deur die rektor voorgeskryf: Met dien verstande dat dit enige lid vrystaan om die inligting op die voorgeskrewe vorm aan te vul deur bykomende inligting te verstrek.

(3) Enige lid van die raad het die reg om 'n persoon vir die amp van kanselier te nomineer: Met dien verstande dat so 'n nominasie die handtekeninge van minstens twee lede en die skriftelike aanvaarding van die nominasie deur die genomineerde moet bevat.

(4) Die ingevulde nominasiedokumente moet die sekretaris minstens 21 dae voor die datum van die vergadering bereik.

(5) Die sekretaris gee minstens sewe dae voor die datum van die vergadering behoorlike kennis daarvan aan elke lid van die raad met vermelding van die name en besonderhede van die behoorlik genomineerde kandidate.

(6) (a) Die kanselier word op 'n vergadering van die raad gekies deur 'n meerderheid van die lede van die raad wat op die datum van die vergadering hul amp beklee.

(b) Die verkiesing van die kanselier geskied by wyse van geslote stembriewe.

(7) Vir die doeleindes van die verkiesing van 'n kanselier het die voorsitter of waarnemende voorsitter van die raad slegs 'n gewone stem.

Vakature deur tydsverloop

5. Sestig dae voordat die amp van kanselier deur tydsverloop vakant raak, gee die sekretaris aan elke lid van die raad kennis daarvan, en die raad kies daarna 'n nuwe kanselier ooreenkomstig die bepalings van klousule 4.

Toevallige vakature

6. Indien die amp van kanselier om enige ander rede as tydsverloop vakant raak, is die bepalings van klousule 4 van toepassing.

HOOFSTUK IV

DIE REKTOR EN VISE-REKTOR

7. (1) Die rektor word deur die raad op 'n vergadering van die raad aangestel deur 'n meerderheid van die lede van die raad wat op die datum van die vergadering hul amp wettiglik beklee, en die rektor beklee sy amp vir 'n tydperk deur die raad vasgestel, maar wat nie die ouderdomsperk wat vir die aftrede van lede van die doserende personeel van die Universiteit bepaal is, oorskry nie.

CHAPTER III

THE CHANCELLOR

Powers and period of office

3. (1) The chancellor shall be the titular head of the University and shall confer degrees on behalf of the University.

(2) The chancellor shall hold office for a period of five years but may be re-elected.

Election of chancellor

4. (1) The chairman of the council or, in his absence, the rector shall, subject to the provisions of clauses 5 and 6, determine the date on which a meeting of the council shall be held for the purpose of electing a chancellor of the University: Provided that such meeting shall be held within 90 days after the office of chancellor becomes vacant.

(2) The secretary to the council shall, at least 40 days before the date determined in terms of subclause (1), give due notice to every member of the council of the date, place and time of the meeting, and shall also notify the members of the senate of the date thereof and shall invite the members of the council and of the senate to submit nominations for the office of chancellor on a form prescribed by the rector: Provided that any member shall be free to supplement the information on the prescribed form by the submission of additional information.

(3) Any member of the council shall have the right to nominate a person for the office of chancellor: Provided that such nomination shall contain the signatures of at least two members and the written acceptance of the nomination by the nominee.

(4) The completed nomination documents shall reach the secretary at least 21 days before the date of the meeting.

(5) The secretary shall at least seven days before the date of the meeting give due notice thereof to every member of the council together with the names and particulars of the duly nominated candidates.

(6) (a) The chancellor shall be elected at a meeting of the council by a majority of the members of the council holding office on the date of the meeting.

(b) The election of the chancellor shall be by secret ballot.

(7) For the purpose of electing a chancellor the chairman or acting chairman of the council shall have a deliberative vote only.

Vacancy by effluxion of time

5. Sixty days before the office of chancellor becomes vacant by effluxion of time the secretary shall notify each member of the council thereof and the council shall thereupon elect a new chancellor in accordance with the provisions of clause 4.

Casual vacancy

6. If the office of chancellor becomes vacant for any reason other than effluxion of time the provisions of clause 4 shall apply.

CHAPTER IV

THE RECTOR AND VICE-RECTOR

7. (1) The rector shall be appointed by the council at a meeting of the council by a majority of the members of the council lawfully holding office on the date of the meeting, and the rector shall hold office for a period as determined by the council, but not exceeding such age limit as may be fixed for the retirement of members of the teaching staff of the University.

Toevallige vakatures

13. Indien 'n lid wat ingevolge artikel 8 (1) van die Wet aangestel of verkies is, sterf of bedank of sy amp om enige ander rede as die verstryking van sy ampstermyn ontruim, gee die sekretaris van die raad skriftelik kennis daarvan aan die betrokke owerheid of liggaam en volg die prosedures vasgestel deur die raad om die vakature te vul.

Kworum en meerderheid

14. Behoudens die bepalings van hierdie Statuut—

(a) maak 'n meerderheid van die persone wat op die datum van 'n vergadering van die raad hulle amp as lede van die raad beklee, 'n kworum vir sodanige vergadering uit; en

(b) is 'n besluit van die meerderheid van die lede van die raad wat teenwoordig is op 'n vergadering daarvan, 'n besluit van die raad.

Kennisgewing van vergadering

15. Die sekretaris gee minstens sewe dae voor die datum wat deur die raad bepaal is vir 'n gewone vergadering, aan elke lid behoorlik kennis van al die sake wat op sodanige vergadering behandel sal word, met vermelding van die tyd en plek van sodanige vergadering.

Kennisgewing van mosie

16. Kennis van enige mosie vir oorweging word skriftelik gegee en moet minstens 21 dae voor die datum van 'n gewone vergadering by die sekretaris ingedien word: Met dien verstande dat enige saak van 'n dringende aard, sonder voorafgaande kennisgewing, met die toestemming van die voorsitter en 'n meerderheid van die aanwesige lede, op sodanige vergadering oorweeg kan word.

Wysiging of intrekking van vorige besluit

17. Enige mosie om 'n vorige besluit van die raad te wysig of in te trek, word aangeneem deur minstens twee derdes van die lede wat hulle amp op die datum van stemming beklee: Met dien verstande dat indien die datum van stemming meer as een jaar na die datum van die vorige besluit is, sodanige mosie ooreenkomstig klousule 14 aangeneem word.

Notule

18. Die eerste handeling van 'n gewone vergadering, nadat dit saamgestel is, is die lees van die notule van die laaste voorafgaande gewone vergadering en dié van enige buitengewone vergadering wat daarna gehou is, en die bekragtiging daarvan deur die handtekening van die voorsitter: Met dien verstande dat die vergadering die notule as gelees kan beskou indien 'n afskrif daarvan voor die tyd aan elke lid van die raad gestuur is: Met dien verstande voorts dat besware teen die notule van 'n vergadering voor die bekragtiging daarvan geopper en afgehandel word.

Bespreking van mosies

19. (1) Sonder die toestemming van die vergadering mag 'n lid van die raad nie meer as een maal oor 'n mosie of 'n wysiging daarvan praat nie, maar die voorsteller van 'n mosie of 'n wysiging het 'n reg van repliek.

(2) 'n Mosie of 'n wysiging daarvan word gesekondeer en dit word, indien die voorsitter aldus gelas, skriftelik ingedien.

(3) 'n Mosie of 'n wysiging daarvan wat gesekondeer is, mag nie sonder die toestemming van die vergadering teruggetrek word nie.

Stemming

20. (1) Behoudens andersluidende bepalings van hierdie Statuut, het die voorsitter oor enige aangeleentheid 'n gewone stem en, in geval van 'n staking van stemme, ook 'n beslissende stem.

Casual vacancies

13. If a member appointed or elected in terms of section 8 (1) of the act dies or resigns or vacates his office for any reason other than the expiration of his period of office, the secretary to the council shall give notice thereof in writing to the authority or body concerned and shall follow the procedures determined by the council for the filling of the vacancy.

Quorum and majority

14. Subject to the provisions of this Statute—

(a) a majority of the persons holding office as members of the council at the date of a meeting of the council shall form a quorum for such meeting; and

(b) a decision of the majority of the members of the council present at a meeting thereof shall constitute a decision of the council.

Notice of meeting

15. At least seven days before the date determined by the council for an ordinary meeting the secretary shall give due notice to each member of all the matters to be dealt with at such meeting and shall state the time and place of such meeting.

Notice of motion

16. Notice of any motion for consideration shall be given in writing and be lodged with the secretary at least 21 days before the date of an ordinary meeting: Provided that any matter of an urgent nature may, without prior notice, with the leave of the chairman and a majority of the members present, be considered at such meeting.

Amendment or rescission of previous decision

17. Any motion to amend or rescind a previous resolution of the council shall be carried by at least two thirds of the members holding office on the date of voting: Provided that if the date of voting is more than one year after the date of the previous resolution, such motion shall be carried in accordance with clause 14.

Minutes

18. The first act of an ordinary meeting, after it has been constituted, shall be to read and confirm by the signature of the chairman the minutes of the last preceding ordinary meeting and of any special meeting held subsequently: Provided that the meeting may consider the minutes as read if a copy thereof was previously sent to every member of the council: Provided further that objections to the minutes of a meeting shall be raised and decided before confirmation of the minutes.

Discussion of motions

19. (1) A member of the council shall not, without the leave of the meeting, speak more than once to a motion or an amendment thereof, but the proposer of a motion or an amendment shall have a right of reply.

(2) A motion or an amendment thereto shall be seconded and, if so directed by the chairman, shall be submitted in writing.

(3) A motion or an amendment thereto that has been seconded shall not be withdrawn without the consent of the meeting.

Voting

20. (1) Except where otherwise provided in this Statute, the chairman shall on any matter have a deliberative vote and, in the event of any equality of votes, also a casting vote.

(2) Indien die vergadering aldus besluit, word die getal lede wat ten gunste van of teen 'n mosie stem, genotuleer en, op versoek van 'n lid, gelas die voorsitter dat die stem van sodanige lid insgelyks genotuleer word.

(3) In die geval waar minstens twee derdes van die lede van die raad eenstemmigheid bereik het oor 'n aangeleentheid wat deur die voorsitter per brief of telegram na hulle verwys is sonder dat 'n vergadering byeengeroep is, en hulle hul besluit per brief of telegram oorgedra het, word sodanige besluit geag geneem te gewees het op 'n vergadering van die raad en word dit aangeteken in die notule van die eersvolgende gewone vergadering.

(4) Die sienswyse van 'n lid van die raad wat 'n vergadering nie kan bywoon nie, kan skriftelik aan die vergadering voorgelê word, maar dit tel nie as 'n stem van sodanige lid nie.

Beslissings

21. Die beslissing van die voorsitter op 'n punt van orde of prosedure is bindend, tensy 'n lid dit onmiddellik betwis, in welke geval sodanige beslissing sonder bespreking voorgelê word aan die vergadering, wie se beslissing finaal is.

Buitengewone vergaderings

22. (1) 'n Buitengewone vergadering kan te eniger tyd deur die voorsitter byeengeroep word, en word deur hom byeengeroep op skriftelike versoek van minstens vyf lede, met vermelding van die doel van die vergadering in dié versoek.

(2) Kennis van minstens sewe dae word van 'n buitengewone vergadering gegee.

(3) Behoudens enige uitsonderings wat deur die voorsitter en die meerderheid van die aanwesige lede goedgekeur is, word geen ander sake as dié waarvan kennis gegee is, op sodanige vergadering behandel nie.

Noodvergaderings

23. (1) 'n Noodvergadering kan te eniger tyd deur die voorsitter belê word: Met dien verstande dat lede minstens 24 uur kennis van sodanige vergadering kry: Met dien verstande voorts dat kennis van sodanige vergadering kan geskied op enige wyse wat in die omstandighede deur die voorsitter doenlik geag word.

(2) Die doel van die vergadering word aan die lede vermeld, en geen ander sake as dié wat vermeld is, word op sodanige vergadering behandel nie.

Opstelling, wysiging of herroeping van Statuut en regulasies

24. 'n Mosie om 'n bepaling van die Statuut of 'n regulasie op te stel, te wysig of te herroep, moet deur minstens twee derdes van die lede wat op die datum van die vergadering hulle amp beklee, aangeneem word.

Uitvoerende komitee

25. (1) Daar is 'n uitvoerende komitee van die raad, wat bestaan uit die voorsitter van die raad, die rektor, die viserektor en sodanige ander lede van die raad as wat die raad daarin aanstel, en wat die bevoegdhede uitoefen en die werksaamhede verrig wat die raak by besluit aan sodanige komitee delegeer.

(2) Die bepalings van klousule 14 tot en met 21 is *mutatis mutandis* van toepassing op die vergaderings van die uitvoerende komitee van die raad.

Belange van lede

26. 'n Lid van die raad mag nie stem oor, of deelneem aan, die bespreking van 'n aangeleentheid waarin hy 'n regstreekse geldelike of ander ekonomiese of persoonlike belang het nie, tensy hy eers die aard en omvang van sy belang openbaar en die toestemming van die vergadering verkry om aan die bespreking deel te neem of te stem.

(2) If so decided by the meeting, the number of members voting for or against any motion shall be recorded in the minutes and, at the request of any member, the chairman shall direct that the vote of such member be likewise recorded.

(3) Where at least two thirds of the members of the council have reached agreement on a matter referred to them by the chairman by letter or telegram without convening a meeting, and have conveyed their resolution by letter or telegram, such resolution shall be deemed to have been taken at a meeting of the council and shall be recorded in the minutes of the next successive ordinary meeting.

(4) The views of a member of the council who is unable to attend a meeting may be submitted to the meeting in writing, but shall not count as a vote of such member.

Rulings

21. The ruling of the chairman on a point of order or procedure shall be binding, unless immediately challenged by a member, in which event such ruling shall be submitted without discussion to the meeting, whose decision shall be final.

Special meetings

22. (1) A special meeting may be called by the chairman at any time, and shall be called by him at the request in writing of not fewer than five members, the object of the meeting being stated in the meeting being stated in the request.

(2) Not less than seven days' notice of a special meeting shall be given.

(3) Subject to any exceptions approved by the chairman and the majority of the members present, no business other than that of which notice was given shall be transacted at such meeting.

Emergency meetings

23. (1) An emergency meeting may be called by the chairman at any time: Provided that members shall be given not less than 24 hours' notice of such meeting: Provided further than notice of such meeting may be given in any manner deemed convenient by the chairman in the circumstances.

(2) The object of the meeting shall be stated to members, and no business other than that stated shall be transacted at such meeting.

Framing, amending or repeal of Statute and regulations

24. A motion to frame, amend or repeal a provision of the Statute or a regulation shall be decided by at least two thirds of the members holding office on the date of the meeting.

Executive committee

25. (1) There shall be an executive committee of the council, consisting of the chairman of the council, the rector, the vice-rector and such other members of the council as the council may appoint to it, which shall exercise such powers and perform such functions as the council may by resolution delegate to it.

(2) The provisions of clauses 14 to 21, inclusive, shall *mutatis mutandis* apply to the meetings of the executive committee of the council.

Interests of members

26. A member of the council shall not vote on, or take part in, the discussion of any matter in which he has a direct financial or other economic or personal interest, unless he first discloses the nature and extent of his interest and procures the consent of the meeting to take part in the discussion or to vote.

Bevoegdhede en pligte

27. Behoudens die bepalings van die Wet, die Wet op Universiteite, 1955 (Wet 61 van 1955), die Gemeenskaplike Statute en hierdie Statuut, het die raad die bevoegdheid—

(a) om sodanige maatreëls te tref as wat noodsaaklik is vir die behoorlike uitoefening van sy bevoegdhede en uitvoering van sy pligte;

(b) om te bepaal watter studiebeurse en ander pryse wat tot die beskikking van die Universiteit is, van tyd tot tyd toegeken kan word, en om op aanbeveling van die senaat die nodige toekennings te doen;

(c) om erkenning te verleen aan sodanige studenteliggame van die Universiteit as wat die raad, na oorlegpleging met die senaat, goedvind;

(d) om, na oorlegpleging met die senaat, te bepaal van watter fakulteit of fakulteite elke departement deel vorm; en

(e) om, onderworpe aan die betrokke diensvoorwaardes voorgeskryf deur die raad, die diens van enige lid van die akademiese personeel, of van enige beampte of werknemer, van die Universiteit op te skort of te beëindig.

Aanstelling van lede in die senaat

28. Die raad kies, met behoorlike inagneming van die samestelling van die senaat soos in artikel 9 (1) (c) van die Wet beoog, twee van sy lede om in die senaat te dien vir die tydperke wat die raad bepaal, behoudens die bepalings van artikel 8 (3) van die Wet.

HOOFSTUK VI

DIE SENAAT

Ampstermyne

29. (1) Lede van die senaat wat deur die raad ingevolge artikel 9 (1) (c) van die Wet gekies is, beklee hulle amp vir die tydperk deur die raad bepaal.

(2) Professore wat in 'n vaste hoedanigheid by die Universiteit aangestel is, beklee hulle amp as lede van die senaat ingevolge artikel 9 (1) (d) van die Wet, vir die tydperk van hul diens in sodanige hoedanigheid.

(3) Professore wat in 'n tydelike hoedanigheid by die Universiteit in diens is, beklee hulle amp as lede van die senaat ingevolge artikel 9 (1) (d) van die Wet, vir die tydperk van hulle diens in sodanige hoedanigheid.

(4) Die personeellede wat deur die raad kragtens artikel 9 (1) (e) van die Wet aangewys is om lede van die senaat te wees, beklee hulle amp vir die tydperk deur die raad bepaal.

Ontruiming van amp

30. 'n Lid van die senaat ontruim sy amp indien hy—

(a) synde 'n verteenwoordiger van die raad gekies kragtens artikel 9 (1) (c) van die Wet, ophou om 'n lid van die raad te wees of indien die raad sy aanstelling in die senaat beëindig; of

(b) synde 'n professor wat in die senaat dien kragtens artikel 9 (1) (d) van die Wet, die pos ontruim wat hom vir aanstelling as lid van die senaat bevoeg maak; of

(c) synde 'n personeellid deur die raad kragtens artikel 9 (1) (e) van die Wet aangewys, die pos ontruim wat hom vir aanwysing as lid van die senaat bevoeg maak.

Powers and duties

27. Subject to the provisions of the Act, the Universities Act, 1955 (Act 61 of 1955), the Joint Statutes and this Statute, the council shall be empowered—

(a) to adopt such measures as may be necessary for the proper execution of its powers and discharge of its duties;

(b) to determine what scholarships and other prizes at the disposal of the University may be awarded from time to time, and to make the necessary awards upon the recommendation of the senate;

(c) to grant recognition to such student bodies of the University as the council, after consultation with the senate, may deem fit;

(d) to determine, after consultation with the senate, of which faculty or faculties each department shall form part; and

(e) subject to the relevant conditions of service prescribed by the council, to suspend or terminate the services of any member of the academic staff, or of any officer or employee of the University.

Appointment of members to the senate

28. The council shall, with due regard to the constitution of the senate as contemplated in section 9 (1) (c) of the Act, elect two of its members to serve on the senate for such periods as the council may determine, subject to the provisions of section 8 (3) of the Act.

CHAPTER VI

THE SENATE

Periods of office

29. (1) Members of the senate elected by the council in terms of section 9 (1) (c) of the Act shall hold office for the period determined by the council.

(2) Professors who are appointed in a permanent capacity at the University shall hold office as members of the senate in terms of section 9 (1) (d) of the Act for as long as they are employed in such permanent capacity.

(3) Professors who are employed in a temporary capacity at the University shall hold office as members of the senate in terms of section 9 (1) (d) of the Act for the period of their employment in such capacity.

(4) Such members of staff designated by the council to be members of the senate in terms of section 9 (1) (e) of the Act shall hold office for the period determined by the council.

Vacation of office

30. A member of the senate shall vacate his office if—

(a) being a representative of the council elected under section 9 (1) (c) of the Act, he ceases to be a member of the council or his appointment to the senate is terminated by the council; or

(b) being a professor serving on the senate under section 9 (1) (d) of the Act, he vacates the post which qualifies him for membership of the senate; or

(c) being a member of staff designated by the council under section 9 (1) (e) of the Act, he vacates the post which qualifies him for designation as member of the senate.

Bevoegdhede, pligte en werksaamhede

31. Behoudens die bepalings van die Wet, die Wet op Universiteite, 1955 (Wet 61 van 1955), die Gemeenskaplike Statute en hierdie Statuut, het die senaat die bevoegdheid—

(a) om, behoudens die goedkeuring van die raad, die voorwaardes te bepaal vir die verwerwing van grade, diplomas of sertifikate, en om te beslis watter persone aan voormelde voorwaardes voldoen het;

(b) om toesig te hou en beheer uit te oefen oor alle eksamens wat deur die Universiteit afgeneem word ooreenkomstig die reëls wat van tyd tot tyd deur die senaat vir dié doel opgestel word;

(c) om interne eksaminatore vir eksamens aan te stel en by die raad aan te beveel watter eksterne eksaminatore en moderatore vir universiteitseksamens aangestel moet word;

(d) om by die raad aan te beveel watter departemente daar in die onderskeie fakulteite van die Universiteit moet wees en wie as hoof van elke departement aangewys moet word;

(e) om te besluit watter professore en lektore lede moet wees van elk van die onderskeie fakulteite en fakulteitsrade van die Universiteit;

(f) om, na oorlegpleging met die betrokke fakulteitsraad, te besluit wie as dekaan van 'n fakulteit aangestel moet word en wat sy ampstermyn is;

(g) om reëls op te stel, behoudens die goedkeuring van die raad en ooreenkomstig die onderskeie skenkingsaktes, met betrekking tot die voorwaardes vir die toekenning en die hou van 'n studiebeurs of prys wat ter beskikking van die Universiteit is, en om by die raad aan te beveel aan watter persone sodanige studiebeurs of prys van tyd tot tyd toegeken moet word;

(h) om van tyd tot tyd vas te stel in watter mate die houer van 'n studiebeurs voldoen het aan die voorwaardes waaronder die toekenning gedoen is;

(i) om by die raad aanbevelings te doen oor die instelling en beheer van institute kragtens artikel 22 van die Wet;

(j) om, behoudens die bepalings van die Wet en die Statuut en regulasies daarkragtens uitgevaardig, die maatreëls te tref en die reëls te maak wat nodig is vir die behoorlike uitoefening van sy bevoegdhede en uitvoering van sy pligte: Met dien verstande dat die senaat 'n reël betreffende 'n fakulteitsraad slegs opstel, wysig of intrek na oorlegpleging met die betrokke fakulteitsraad;

(k) om die stigting van enige akademiese vereniging aan die Universiteit by die raad aan te beveel;

(l) om stappe te doen kragtens artikel 16 (1) van die Wet of die Statuut of reëls daarkragtens opgestel, om die tugbepalings van die Universiteit toe te pas;

(m) om by die raad aanbevelings te doen aangaande die intrekking van 'n graad of ander kwalifikasie wat op 'n onbehoorlike wyse verwerf is;

(n) om te besluit watter gedeeltes van afsonderlike akademiese jare waarin 'n student 'n kursus bygewoon het, geag kan word met 'n akademiese jaar gelyk te staan; en

(o) om by die raad aangaande sodanige aangeleenthede van belang vir die Universiteit sodanige aanbevelings te doen as wat hy dienstig ag, of om aanbevelings by die raad te doen oor aangeleenthede wat na hom deur die raad verwys is soos beoog in artikel 9 (5) (b) van die Wet.

Powers, duties and functions

31. Subject to the provisions of the Act, the Universities Act, 1955 (Act 61 of 1955), the Joint Statutes and this Statute, the senate shall be empowered—

(a) to determine, subject to the approval of the council, the conditions for obtaining degrees, diplomas or certificates, and to decide what persons have satisfied the said conditions;

(b) to superintend and exercise control over all examinations conducted by the University in accordance with such rules as may be framed from time to time by the senate for this purpose;

(c) to appoint internal examiners for examinations and recommend to the council the external examiners and moderators to be appointed for University examinations;

(d) to recommend to the council what departments there should be in the various faculties of the University, and who should be designated head of each department;

(e) to decide what professors and lecturers are to be members of each of the various faculties and boards of faculties of the University;

(f) to decide, after consultation with the board of the faculty concerned, who is to be appointed dean of a faculty and what his period of office shall be;

(g) to make rules, subject to the approval of the council and in accordance with the respective deeds of gift, regarding the conditions for the award and tenure of a scholarship or prize at the disposal of the University, and to recommend to the council persons to whom such scholarship or prize should be awarded from time to time;

(h) to determine from time to time the extent to which the holder of any scholarship has complied with the conditions governing the award;

(i) to make recommendations to the council regarding the establishment and control of institutes in terms of section 22 of the Act;

(j) to adopt, subject to the provisions of the Act and the Statute and regulations framed thereunder, such measures and make such rules as may be necessary for the proper execution of its powers and discharge of its duties: Provided that the senate shall frame, amend or rescind any rule concerning a board of a faculty only after consultation with the board of the faculty concerned;

(k) to recommend to the council the establisment of any academic society at the University;

(l) to take steps in terms of section 16 (1) of the Act or the Statute or rules framed thereunder, to apply the disciplinary provisions of the University;

(m) to make recommendations to the council regarding the revocation of a degree or other qualification obtained in an improper manner;

(n) to decide what portions of separate academic years during which a student attended a course may be deemed to be equivalent to an academic year; and

(o) to make such recommendations to the council regarding such matters of importance to the University as it may deem expedient, or to make recommandations to the council on matters which have been referred to it by the council as contemplated in section 9 (5) (b) of the Act.

Verteenwoordigers van senaat in die raad

32. (1) Minstens drie maande voor die verstryking van die ampstermyn van 'n lid van die raad wat kragtens artikel 8 (1) (c) van die Wet deur die senaat gekies is om in die raad te dien, stel die sekretaris van die raad die voorsitter van die senaat in kennis daarvan, en die senaat kies op sy laaste gewone vergadering wat die datum voorafgaan waarop sodanige lid se ampstermyn verstryk, 'n opvolger wat sy amp ingevolge artikel 8 (1) (c) van die Wet beklee.

(2) Indien enige lid van die raad wat deur die senaat gekies is, sy amp voor die verstryking van sy ampstermyn ontruim, stel die sekretaris van die raad die senaat in kennis van die vakature, en nadat die senaat aldus in kennis gestel is, kies die senaat 'n ander lid om die amp vir die onverstreke gedeelte van sy voorganger se ampstermyn te beklee.

(3) Die lede van die raad wat deur die senaat gekies word, word gekies op 'n wyse deur die raad bepaal.

Getal vergaderings

33. Die rektor belê minstens een keer in elke helfte van 'n akademiese jaar 'n vergadering van die senaat by die setel van die Universiteit of op sodanige plek as wat die uitvoerende komitee van die senaat aanwys.

Kworum en prosedure op vergaderings

34. (1) Die helfte van die getal senaatslede wat op die datum van 'n vergadering hulle amp beklee, maak 'n kworum uit.

(2) In die rektor se afwesigheid van 'n vergadering van die senaat, sit die vise-rektor op sodanige vergadering voor: Met dien verstande dat indien daar meer as een vise-rektor is, die rektor die vise-rektor wat as voorsitter moet optree, benoem.

(3) 'n Skriftelike kennisgewing word deur die sekretaris minstens drie dae voor 'n gewone vergadering aan elke lid van die senaat uitgereik, met vermelding van die tyd van sodanige vergadering en die sake wat behandel staan te word.

(4) (a) 'n Buitengewone vergadering kan te eniger tyd deur die voorsitter belê word, en word deur hom belê op skriftelike versoek van minstens 'n vyfde van die lede van die senaat wat hulle amp beklee, met vermelding van die doel van die vergadering in dié versoek.

(b) Kennis van minstens 24 uur word van so 'n vergadering gegee.

(c) Behoudens enige uitsonderinge deur die vergadering goedgekeur, word geen ander sake as dié waarvan kennis gegee is, op sodanige vergadering behandel nie.

(5) (a) Die eerste handeling van elke gewone vergadering, nadat dit saamgestel is, is die lees van die notule van die laaste vorige gewone vergadering en dié van enige buitengewone vergaderings wat daarna gehou is, en die bekragtiging daarvan deur die handtekening van die voorsitter: Met dien verstande dat enige beswaar teen die notule voor sodanige bekragtiging geopper en afgehandel word.

(b) Die vergadering kan die notule as gelees beskou as 'n afskrif daarvan vooraf aan elke lid gestuur is.

(6) Sonder die toestemming van die vergadering mag 'n lid nie meer as een keer oor 'n mosie of 'n wysiging daarvan praat nie, maar die voorsteller van die mosie of wysiging het die reg van repliek.

(7) (a) Behoudens andersluidende bepalings van hierdie Statuut, word alle aangeleenthede beslis met die meerderheid van stemme van die lede wat aanwesig is en stem.

(b) Oor elke aangeleentheid het die voorsitter 'n gewone stem en, in die geval van 'n staking van stemme, ook 'n beslissende stem.

Representations of senate on the council

32. (1) At least three months before the period of office of a member of the council who was elected by the senate to serve on the council in terms of section 8 (1) (c) of the Act expires, the secretary to the council shall notify the chairman of the senate thereof and the senate shall, at its last ordinary meeting preceding the date of the expiration of the period of office of such member, elect a successor who shall hold office in terms of section 8 (1) (c) of the Act.

(2) If any member of the council elected by the senate vacates his office before the expiration of his period of office, the secretary to the council shall inform the senate of the vacancy and, on having been so informed, the senate shall elect some other member to hold office for the unexpired period of office of his predecessor.

(3) The members of the council elected by the senate shall be elected in a manner determined by the council.

Frequency of meetings

33. The rector shall convene a meeting of the senate at least once in each half of the academic year at the seat of the University or at such place as may be designated by the executive committee of the senate.

Quorum and procedure at meetings

34. (1) One half of the members of the senate holding office on the date of a meeting shall constitute a quorum.

(2) In the absence of the rector from any meeting of the senate the vice-rector shall preside at such meeting: Provided that in the event of there being more than one vice-rector the rector shall nominate which vice-rector shall be chairman.

(3) A written notice shall be issued by the secretary to each member of the senate at least three days before any ordinary meeting, setting forth the time of such meeting and the matters to be considered.

(4) (a) A special meeting may be called by the chairman at any time, and shall be called by him at the request in writing of at least one fifth of the members of the senate holding office, the object of the meeting being stated in the request.

(b) Not less than 24 hours' notice shall be given of any such meeting.

(c) Subject to any exceptions approved by the meeting, no business other than that of which notice was given shall be transacted at such meeting.

(5) (a) The first act of each ordinary meeting, after it has been constituted, shall be to read and confirm by the signature of the chairman the minutes of the last preceding ordinary meeting and of any special meetings held subsequently: Provided that any objection to the minutes shall be raised and decided before such confirmation.

(b) The meeting may consider the minutes as read if a copy thereof was previously sent to every member.

(6) A member shall not, without the leave of the meeting, speak more than once to any motion or amendment thereto, but the mover of the motion or amendment shall have the right to reply.

(7) (a) Except where otherwise provided in this Statute, all questions shall be decided by the majority of votes of the members present and voting.

(b) On every question the chairman shall have a deliberative vote and, in the case of an equality of votes, also a casting vote.

(8) Die getal lede wat ten gunste van of teen 'n mosie stem, word genotuleer as die vergadering aldus besluit, en op versoek van 'n lid gee die voorsitter opdrag dat die stem van daardie lid insgelyks genotuleer word.

(9) 'n Mosie of 'n wysiging moet gesekondeer word en indien die voorsitter aldus gelas, moet dit skriftelik wees, en geen mosie of wysiging mag sonder die toestemming van die vergadering teruggetrek word nie.

(10) Die beslissing van die voorsitter op 'n punt van orde of prosedure is bindend tensy 'n lid dit onmiddellik betwis, in welke geval sodanige beslissing sonder bespreking voorgelê word aan die vergadering, wie se beslissing finaal is.

(11) Kennis van 'n mosie om 'n bepaling van die Statuut of van 'n regulasie op te stel, te wysig of te herroep, of om 'n vorige senaatsbesluit te wysig of in te trek, moet gegee word op die vergadering wat dié waarop die mosie voorgestel gaan word, voorafgaan: Met dien verstande dat geen sodanige kennisgewing vereis word nie as die voorstel om aldus so 'n bepaling op te stel, te wysig of te herroep of 'n vorige besluit te wysig of in te trek, deur 'n komitee van die senaat gedoen is en as die notule van die vergadering van die komitee waarop die voorstel gedoen is, betyds uitgereik is sodat die lede van die senaat dit kon ontvang minstens twee dae voor die vergadering waarop die voorstel bespreek moet word.

Uitvoerende komitee

35. (1) Daar is 'n uitvoerende komitee van die senaat, wat bestaan uit die voorsitter van die senaat, die vise-rektor of vise-rektore, die dekane van die fakulteite en sodanige ander lede van die senaat as wat die senaat daarin aanstel, en wat die bevoegdhede uitoefen en die werksaamhede verrig wat die senaat by besluit aan sodanige komitee delegeer.

(2) Vir 'n vergadering van die uitvoerende komitee maak minstens die helfte van die getal lede plus een 'n kworum uit.

(3) Die bepalings van klousules 33 en 34 is *mutatis mutandis* van toepassing op vergaderings van die uitvoerende komitee van die senaat.

Fakulteitsrade

36. (1) Daar is fakulteitsrade, wat komitees van die senaat is en wat in getal en benaming met die fakulteite van die Universiteit ooreenstem.

(2) 'n Fakulteitsraad bestaan uit die dekaan van die fakulteit, wat die voorsitter is, sodanige lede van die fakulteit as wat die senaat aanwys, en sodanige ander persone, of hulle lede van die senaat is al dan nie, as wat die senaat, met die goedkeuring van die raad, in so 'n fakulteitsraad aanstel.

Vergaderings van fakulteitsrade

37. (1) 'n Fakulteitsraad vergader gewoonlik op die tye en plekke wat deur die senaat bepaal word.

(2) (a) 'n Buitengewone vergadering van 'n fakulteitsraad, waarvan kennis van minstens 24 uur gegee moet word, kan te eniger tyd deur die dekaan uit eie beweging belê word, en moet deur hom belê word op die skriftelike versoek van minstens drie lede van die fakulteitsraad.

(b) Die tye en plekke van buitengewone vergaderings word deur die dekaan in oorleg met die rektor bepaal.

(3) 'n Derde van die lede van 'n fakulteitsraad maak 'n kworum op 'n vergadering uit, behalwe dat gedurende die Universiteitsvakansies drie lede 'n kworum uitmaak: Met dien verstande dat besluite wat op sodanige vergaderings geneem word op die eersvolgende gewone vergadering van die fakulteitsraad bekragtig moet word.

(8) The number of members voting for or against any motion shall be recorded in the minutes, if so decided by the meeting, and at the request of any member the chairman shall direct that the vote of such member be likewise recorded.

(9) A motion or an amendment shall be seconded and, if so directed by the chairman, shall be in writing, and no motion of amendment shall be withdrawn without the consent of the meeting.

(10) The ruling of the chairman on any question of order or procedure shall be binding unless immediately challenged by a member, in which event such ruling shall be submitted without discussion to the meeting, whose decision shall be final.

(11) Notice of any motion to make, amend or repeal a provision of the Statute or of a regulation, or to amend or rescind a previous resolution of the senate, shall be given at the meeting previous to that at which it is to be moved: Provided that no such notice shall be required if the proposal so to make, amend or repeal any such provision or amend or rescind a previous resolution has been made by a committee of the senate and if the minutes of the meeting of the committee at which the proposal was made were issued in time to have been received by the members of the senate at least two days before the meeting at which it is to be discussed.

Executive committee

35. (1) There shall be an executive committee of the senate consisting of the chairman of the senate, the vice-rector or vice-rectors, the deans of the faculties and such other members of the senate as the senate may appoint to it, which shall exercise such powers and perform such functions as the senate may by resolution delegate to it.

(2) A quorum for a meeting of the executive committee of the senate shall be not less than one half of the number of members plus one.

(3) The provisions of clauses 33 and 34 shall *mutatis mutandis* apply to meetings of the executive committee of the senate.

Boards of faculties

36. (1) There shall be boards of faculties which shall be committees of the senate corresponding in number and designation to the faculties of the University.

(2) A board of faculty shall consist of the dean of the faculty, who shall be the chairman, such members of the faculty as may be designated by the senate, and such other persons, whether they are members of the senate or not, as may be appointed to such board by the senate with the approval of the council.

Meetings of boards of faculties

37. (1) A board of faculty shall ordinarily meet at the times and places determined by the senate.

(2) (a) A special meeting of a board of faculty, of which not less than 24 hours' notice shall be given, may be called by the dean at any time at his own instance, and shall be called by him at the request in writing of at least three members of the board of faculty.

(b) The times and places of special meetings shall be determined by the dean in consultation with the rector.

(3) One third of the members of a board of faculty shall consitute a quorum at a meeting, save that during the University vacations three members shall constitute a quorum: Provided that decisions taken at such meetings shall be confirmed at the next ordinary meeting of the board of faculty.

Pligte van fakulteitsrade

38. (1) 'n Fakulteitsraad doen by die senaat aanbevelings oor die leerplanne, studiekursusse en eksamens vir sover dit die departemente van die fakulteit betref, en oor die ander aangeleenthede wat die fakulteit raak of wat die senaat na hom verwys.

(2) 'n Fakulteitsraad deel aan die senaat die name mee van kandidate wat volgens sy beskouing aan die voorgeskrewe voorwaardes vir die grade, diplomas of sertifikate in die fakulteit voldoen het.

(3) Die fakulteitsraad bepaal die aktiwiteite en pligte van die fakulteit.

Institute

39. (1) Die senaat het die bevoegdheid om hoofde van departemente by institute ingestel kragtens artikel 22 van die Wet, in 'n fakulteitsraad aan te stel.

(2) Die hoofde van departemente aangestel kragtens subklousule (1), neem slegs aan die verrigtinge van 'n fakulteitsraad deel wat in verband staan met leerplanne, studiekursusse en die aanstelling van eksaminatore vir studente aan die instituut, en sodanige hoofde van departemente mag slegs oor sodanige verrigtinge stem.

(3) 'n Besluit geneem in verband met die verrigtinge in subklousule (2) bedoel, word deur die senaat bekragtig op sy eersvolgende gewone vergadering of op 'n buitengewone vergadering wat deur die voorsitter van die senaat vir daardie doel belê is.

HOOFSTUK VII

SEKRETARISSE EN KOMITEES

Registrateur (administratief)

40. (1) Die registrateur (administratief) is die sekretaris en kiesbeampte van die raad en alle komitees van die raad en kan enige ander beampte van die administratiewe personeel onder sy beheer aanwys om hom behulpsaam te wees of in sy plek op te tree.

(2) In afwesigheid van die registrateur (administratief) word sy bevoegdhede uitgeoefen en sy pligte uitgevoer deur 'n persoon wat deur die rektor aangewys word.

Registrateur (akademies)

41. (1) Die registrateur (akademies) is die sekretaris en kiesbeampte van die senaat, alle komitees van die senaat, die konvokasie en alle komitees van die konvokasie en kan enige ander beampte van die administratiewe personeel onder sy beheer aanwys om hom behulpsaam te wees of in sy plek op te tree.

(2) In afwesigheid van die registrateur (akademies) word sy bevoegdhede uitgeoefen en sy pligte uitgevoer deur 'n persoon wat deur die rektor aangewys word.

Komitees

42. (1) Behoudens andersluidende bepalings van hierdie Statuut, word alle beslissings van komitees van die raad en die senaat aangestel kragtens onderskeidelik artikels 8 (7) en 9 (6) van die Wet, en van die gesamentlike komitees van die raad en die senaat ingestel kragtens die artikel 11 van die Wet, geneem deur 'n meerderheid van die lede aanwesig op 'n vergadering van die betrokke komitee: Met dien verstande dat die getal op 'n vergadering aanwesig, nie minder mag wees nie as die helfte plus een van die lede in die betrokke komitee aangestel.

(2) Die bepalings van klousules 14 tot en met 21 is *mutatis mutandis* van toepassing op vergaderings van komitees en gesamentlike komitees.

Duties of boards of faculties

38. (1) A board of faculty shall make recommendations to the senate on the syllabuses, courses of study and examinations in so far as the departments of the faculty are concerned, and upon such other matters as concern the faculty or as the senate may refer to it.

(2) A board of faculty shall report to the senate the names of candidates whom it considers to have satisfied the conditions prescribed for the degrees, diplomas or certificates in the faculty.

(3) The board of faculty shall determine the activities and duties of the faculty.

Institutes

39. (1) The senate shall be empowered to appoint to a board of faculty heads of departments at institutes established under section 22 of the Act.

(2) The heads of departments appointed in terms of subclause (1) shall participate only in such proceedings of a board of faculty as relate to syllabuses, courses of study and the appointment of examiners for students at the institute, and such heads of departments shall have the right to vote on such proceedings only.

(3) Any resolution adopted in regard to the proceedings referred to in subclause (2) shall be approved by the senate at its next ordinary meeting or at a special meeting called by the chairman of the senate for that purpose.

CHAPTER VII

SECRETARIES AND COMMITTEES

Registrar (administrative)

40. (1) The registrar (administrative) shall be secretary to and returning officer of the council and all committees of the council and may designate any other officer of the administrative staff under his authority to assist him or to act in his stead.

(2) In the absence of the registrar (administrative) his powers and duties shall be exercised and carried out by a person designated by the rector.

Registrar (academic)

41. (1) The registrar (academic) shall be secretary to and returning officer of the senate, all committees of the senate, the convocation and all committees of the convocation and may designate any other officer of the administrative staff under his authority to assist him or to act in his stead.

(2) In the absence of the registrar (academic) his powers and duties shall be exercised and carried out by a person designated by the rector.

Committees

42. (1) Except where otherwise provided in this Statute, all decisions of committees of the council and the senate appointed in terms of sections 8 (7) and 9 (6) of the Act, respectively, and of joint committees of the council and the senate established in terms of section 11 of the Act, shall be made by a majority of the members present at any meeting of the committee concerned: Provided that the number present at any meeting shall not be less than one half plus one of the members appointed to the committee concerned.

(2) The provisions of clauses 14 to 21, inclusive, shall *mutatis mutandis* apply to meetings of committees and joint committees.

HOOFSTUK VIII

DIE KONVOKASIE

Vergaderings

43. (1) (a) Die sekretaris van die konvokasie hou die rol daarvan, en dit is verpligtend vir elke lid van die konvokasie om sy naam en adres by die sekretaris te registreer en hom van tyd tot tyd van enige adresverandering in kennis te stel.

(b) Die rol is *prima facie*-bewys dat enige persoon wie se naam daarop voorkom ten tyde van sy aanspraak om as lid van die konvokasie te stem, geregtig is om aldus te stem, en dat enige persoon wie se naam nie daarop voorkom nie, nie aldus geregtig is nie.

(2) Die sekretaris gee minstens sewe dae voor die datum wat vir 'n vergadering van die konvokasie bepaal is, aan elke lid behoorlike kennis van al die aangeleenthede wat op sodanige vergadering behandel sal word, met vermelding van die tyd en plek van sodanige vergadering.

(3) Die eerste handeling van 'n vergadering, nadat dit saamgestel is, is die lees van die notule van die laaste voorafgaande vergadering en dié van enige buitengewone vergadering wat daarna gehou is, en die bekragting daarvan deur die handtekening van die voorsitter: Met dien verstande dat die vergadering die notule as gelees kan beskou indien 'n afskrif daarvan voor die tyd aan elke lid van die konvokasie gestuur is: Met dien verstande voorts dat besware teen die notule van 'n vergadering voor die bekragtiging daarvan geopper en afgehandel word.

(4) (a) Die president van die konvokasie, wat deur die konvokasie uit eie geledere op 'n jaarvergadering gekies word, beklee sy amp vir een jaar.

(b) In die geval van die dood of bedanking van die president, word 'n opvolger gekies op 'n vergadering van die konvokasie byeengeroep deur die sekretaris van die konvokasie deur middel van 'n kennisgewing in die daaglikse koerante.

(5) Die president sit voor op alle vergaderings van die konvokasie waarop hy aanwesig is, en wanneer hy afwesig is, kies die aanwesige lede uit eie geledere iemand om op daardie vergadering as voorsitter op te tree.

(6) 'n Vergadering van die konvokasie word by die setel van die Universitiet gehou.

(7) Behoudens die bepalings van subklousule 4 (b) moet die president 'n jaarvergadering van die konvokasie byeenroep, en 'n spesiale vergadering word deur hom belê by ontvangs van 'n skriftelike versoek wat deur minstens 100 lede onderteken is en waarin in die vorm van spesifieke mosies vermeld word die voorgestelde onderwerpe vir bespreking op sodanige vergadering.

(8) Kennis van enige mosie vir oorweging word skriftelik gegee en moet minstens 21 dae voor die datum van 'n vergadering by die sekretaris ingedien word: Met dien verstande dat enige aangeleentheid van 'n dringende aard, sonder voorafgaande kennisgewing, met die toestemming van die voorsitter en 'n meerderheid van die aanwesige lede, op sodanige vergadering oorweeg kan word.

(9) Enige mosie om 'n vorige besluit van die konvokasie te wysig of in te trek, word aangeneem deur minstens twee derdes van die lede teenwoordig op die vergadering.

(10) (a) Sonder die toestemming van die vergadering mag 'n lid van die konvokasie nie meer as een maal oor 'n mosie of 'n wysiging daarvan praat nie, maar die voorsteller van 'n mosie of 'n wysiging het 'n reg van repliek.

(b) 'n Mosie of 'n wysiging daarvan word gesekondeer en dit moet, indien die voorsitter aldus gelas, skriftelik wees.

CHAPTER VIII

THE CONVOCATION

Meetings

43. (1) (a) The secretary to the convocation shall keep the roll thereof, and it shall be incumbent upon every member of the convocation to register his name and address with the secretary and to notify him from time to time of any change of address.

(b) The roll shall be *prima facie* evidence that any person whose name appears theron at the time of claiming to vote as a member of the convocation is entitled so to vote, and that any person whose name does not appear thereon is not so entitled.

(2) At least seven days before the date determined for a meeting of the convocation the secretary shall give due notice to each member of all the matters to be dealt with at such meeting and shall state the time and place of such meeting.

(3) The first act of a meeting, after it has been constituted, shall be to read and confirm by the signature of the chairman the minutes of the last preceding meeting and of any special meeting held subsequently: Provided that the meeting may consider the minutes as read if a copy thereof was previously sent to every member of the convocation: Provided further that objections to the minutes of a meeting shall be raised and decided before confirmation of the minutes.

(4) (a) The president of the convocation, who shall be elected by the convocation from among its members at an annual meeting, shall hold office for one year.

(b) In the case of the death or resignation of the president, a successor shall be elected at a meeting of the convocation called by the secretary of the convocation by means of a notice in the daily newspapers.

(5) The president shall preside at all meetings of the convocation at which he is present, and in his absence the members present shall elect one of their number to act as chairman of that meeting.

(6) A meeting of the convocation shall be held at the seat of the University.

(7) An annaul meeting of the convocation shall be called by the president, subject to the provisions of subclause (4) (b), and a special meeting shall be called by him upon a written request signed by at least 100 members, which states in the form of specific motions the proposed subjects for discussion at such meeting.

(8) Notice of any motion for consideration shall be in writing and shall be lodged with the secretary at least 21 days before the date of a meeting: Provided that any matter of an urgent nature may, without prior notice, with the leave of the chairman and a majority of the members present, be considered at such meeting.

(9) Any motion to amend or rescind a previous resolution of the convocation shall be carried by at least two thirds of the members present at the meeting.

(10) (a) A member of the convocation shall not, without the leave of the meeting, speak more than once to a motion or an amendment thereto but the proposer of a motion or an amendment shall have a right to reply.

(b) A motion or an amendment thereto shall be seconded and, if so directed by the chairman, shall be in writing.

(c) 'n Mosie of 'n wysiging daarvan wat gesekondeer is, mag nie sonder die toestemming van die vergadering teruggetrek word nie.

(11) (a) Oor elke aangeleentheid het die voorsitter of waarnemende voorsitter 'n gewone stem en, in geval van 'n staking van stemme, ook 'n beslissende stem.

(b) Indien die vergadering aldus besluit, word die getal lede wat ten gunste van of teen 'n mosie stem, genotuleer en, op versoek van 'n lid, gelas die voorsitter dat die stem van sodanige lid insgelyks genotuleer word.

(12) Die beslissing van die voorsitter op 'n punt van orde of prosedure is bindend, tensy 'n lid dit onmiddellik betwis, in welke geval sodanige beslissing sonder bespreking voorgelê word aan die vergadering, wie se beslissing finaal is.

(13) Behoudens die bepalings van subklousules (9) en (17)—

(a) maak 50 lede van die konvokasie 'n kworum vir 'n vergadering van die konvokasie uit; en

(b) is 'n besluit van die meerderheid van die lede van die konvokasie teenwoordig op 'n vergadering daarvan, 'n besluit van die konvokasie.

(14) 'n Afskrif van al die besluite van die konvokasie, behoorlik deur die voorsitter en die sekretaris van die konvokasie gesertifiseer, word deur die sekretaris aan die raad voorgelê.

Uitvoerende komitee

(15) Die konvokasie kies uit eie geledere 'n uitvoerende komitee, wie se grondwet, wyse van verkiesing, ampstermyn, bevoegdhede en werksaamhede dié is soos deur die raad na oorlegpleging met die konvokasie bepaal.

Verkiesing van verteenwoordigers in die raad

(16) Wanneer die konvokasie een of meer lede van die raad moet kies, stel die sekretaris die president daarvan in kennis, en die vakature word op die volgende wyse deur die konvokasie gevul:

(a) In die geval van 'n toevallige vakature pos die sekretaris aan elke ingeskrewe lid van die konvokasie 'n kennisgewing waarin gevra word om die skriftelike nominasie van 'n persoon wat gekies moet word om die vakature te vul, welke nominasie deur minstens vyf lede onderteken moet word asook deur die genomineerde om sy aanvaarding van die nominasie te kenne te gee;

(b) in die geval van vakatures deur tydsverloop, pos die sekretaris minstens drie maande voor die verstryking van die ampstermyn 'n kennisgewing soos voorheen vermeld waarin gevra word om die skriftelike nominasie van hoogstens twee persone wat as lede van die raad gekies moet word, welke nominasie deur minstens vyf lede onderteken moet word asook deur die genomineerde om sy aanvaarding van die nominasie te kenne te gee; en

(c) nominasies word binne ses weke na die datum van die kennisgewing by die sekretaris ingedien.

(17) (a) Indien die getal persone wat vir die amp genomineer word, nie meer is as die getal wat gekies moet word nie, verklaar die sekretaris sodanige persoon of persone onverwyld as behoorlik gekies.

(b) Indien meer persone genomineer word as wat gekies moet word, stuur die sekretaris aan elke ingeskrewe lid van die konvokasie 'n stembriefie wat die name van die kandidate in alfabetiese volgorde aangee, welke stembriefie deur die kieser aan die sekretaris teruggestuur moet word sodat dit hom nie later bereik nie as die datum aangedui op die stembriefie, wat nie vroeër as 21 dae na die uitreiking daarvan mag wees nie.

(c) Die wyse van stemming word deur die raad bepaal.

(c) A motion or an amendment thereto that has been seconded shall not be withdrawn except with the consent of the meeting.

(11) (a) The chairman or acting chairman shall on any matter have a deliberative vote and, in the event of any equality of votes, also a casting votes.

(b) If so decided by the meeting, the number of members voting for or against any motion shall be recorded in the minutes and, at the request of any member, the chairman shall direct that the vote of such member be likewise recorded.

(12) The ruling of the chairman on a point of order or procedure shall be binding, unless immediately challenged by a member, in which event such ruling shall be submitted without discussion to the meeting, whose decision shall be final.

(13) Subject to the provisions of subclause (9) and (17)—

(a) 50 members of the convocation shall be a quorum for a meeting of the convocation; and

(b) a decision of the majority of the members of the convocation present at a meeting thereof shall constitute a decision of the convocation.

(14) A copy of all the resolutions of the convocation, duly certified by the chairman and the secretary of the convocation, shall be submitted to the council by the secretary.

Executive committee

(15) The convocation shall elect from among its members an executive committee, the constitution, mode of election, term of office, powers and functions of which shall be as determined by the council after consultation with the convocation.

Election of representatives on the council

(16) Whenever it is necessary for the convocation to elect one or more members of the council, the fact shall be notified by the secretary to the president, and the vacancy shall be filled by the convocation in the following manner:

(a) In the case of a casual vacancy the secretary shall post to every enrolled members of the convocation a notice inviting the nomination in writing of a person to be elected to fill the vacancy, such nomination to be signed by at least five members and the nominee signifying his acceptance of the nomination.

(b) in the case of vacancies by effluxion of time, the secretary shall post a notice as aforesaid, at least three months before the expiration of the period of office, inviting the nomination in writing of not more than two persons to be elected as members of the council, such nomination to be signed by at least five members and the nominee signifying his acceptance of the nomination; and

(c) nominations shall be lodged with the secretary within six weeks after the date of the notice.

(17) (a) If the number of persons nominated for the post does not exceed the number to be elected, the secretary shall forthwith declare such person or persons to be duly elected.

(b) If more persons are nominated than are to be elected the secretary shall send to each enrolled member of the convocation a voting paper containing the names of the candidates arranged in alphabetical order, which paper shall be returned by the voter so as to reach the secretary not later than a date specified on the voting paper, which shall not be earlier than 21 days after the issue thereof.

(c) The manner of voting shall be determined by the council.

(d) Enige stembriefie wat nie ooreenkomstig die voorskrifte daarop ingevul is nie, is ongeldig.

Kiesbeampte en stemopnemers

(18) By alle verkiesings tree die sekretaris as kiesbeampte op en word deur twee stemopnemers bygestaan wat deur die president of, indien hy 'n kandidaat is, of by sy afwesigheid, deur die rektor aangestel word.

HOOFSTUK IX

TOELATING

Toelating van studente

44. (1) Elke persoon moet by toelating tot die Universiteit as 'n student, die amptelike registrasievorm teken, en deur sodanige ondertekening onderwerp hy hom aan die reëls van die Universiteit en sodanige voorwaardes as wat die raad bepaal.

(2) Elke persoon moet, vir solank hy voornemens is om 'n student van die Universiteit te bly, jaarliks aansoek doen om registrasie.

Toelating tot grade

45. (1) Behoudens die bepalings van die Wet, die Wet op Universiteite, 1955 (Wet 61 van 1955), hierdie Statuut en die Gemeenskaplike Statuut, laat die Universiteit nie 'n kandidaat toe tot 'n baccalaureusgraad nie, tensy hy—

(a) hom as 'n gematrikuleerde student laat inskryf het;

(b) na die geldigheidsdatum van sy matrikulasiesertifikaat of van 'n sertifikaat van volle vrystelling van die matrikulasie-eksamen, uitgereik deur die Gemeenskaplike Matrikulasieraad, die minimum tydperk van bywoning wat vir sodanige graad deur die raad op aanbeveling van die senaat erken is, voltooi het; en

(c) vir die graad Baccalaureus Legum, die ouderdom van 21 jaar bereik het.

(2) 'n Kandidaat word in geen fakulteit tot 'n honneursgraad toegelaat nie, tensy hy aan die Universiteit 'n goedgekeurde kursis vir minstens een akademiese jaar gevolg het nadat die graad of status van baccalaureus aan hom toegeken is, of nadat hy kragtens artikel 10A (b) van die Wet op Universiteite, 1955 (Wet 61 van 1955), toegelaat is om vir die graad te registreer.

(3) (a) Behoudens paragraaf (b) van hierdie subklousule, word geen kandidaat tot die magistergraad in enige fakulteit toegelaat nie voor minstens een akademiese jaar verstryk het nadat 'n honneursgraad of die status daarvan aan hom toegeken is.

(b) Geen kandidaat word tot 'n magistergraad wat direk op 'n baccalaureusgraad volg, toegelaat nie voor minstens een akademiese jaar verstryk het nadat die graad of status van baccalaureus aan hom toegeken is.

(4) 'n Kandidaat word in geen fakulteit tot die doktorsgraad toegelaat nie voor minstens vier akademiese jare verstryk het nadat die graad of status van baccalaureus aan hom toegeken is: Met dien verstande dat in die geval van Doktor in Besigheidsadministrasie geen kandidaat tot die graad toegelaat word nie voor minstens twee akademiese jare verstryk het nadat die graad of die status van Magister in Besigheidsadministrasie aan hom toegeken is.

Sertifikaat van goeie gedrag

46. Behoudens artikel 11 van die Wet op Universiteite, 1955 (Wet 61 van 1955), en die Gemeenskaplike Statute, kan 'n persoon wat voorheen as 'n gematrikuleerde student aan 'n ander universiteit ingeskryf was, toegelaat word as 'n ingeskrewe student by die toon van 'n sertifikaat wat vir die senaat aanneemlik is, oor sy gedrag aan sodanige ander universiteit.

(d) Any voting paper which is not completed in accordance with the instructions on such paper shall be invalid.

Returning officer and scrutineers

(18) At all elections the secretary shall act as returning officer and shall be assisted by two scrutineers appointed by the president or, if he is a candidate, or in his absence, by the rector

CHAPTER IX

ADMISSION

Admission of students

44. (1) Every person shall, on admission to the University as a student, be required to sign the official registration form, and by such signature he shall bind himself to the rules of the University and such conditions as may be determined by the council.

(2) Every person shall, for so long as he intends to remain a student of the University, apply for registration annually.

Admission to degrees

45. (1) Subject to the provisions of the Act, the Universities Act, 1955 (Act 61 of 1955), this Statute and the Joint Statutes, the University shall not admit a candidate to a degree of bachelor unless he has—

(a) registered as a matriculated student;

(b) completed, subsequent to the date of validity of his matriculation certificate or of a certificate of full exemption from the matriculation examination, issued by the Joint Matriculation Board, the minimum period of attendance recognised by the council on the recommendation of the senate for such degree; and

(c) for the degree of Baccalaureus Legum, attained the age of 21 years.

(2) A candidate shall not be admitted to an honours degree in any faculty unless he took an approved course at the University for at least one academic year after the degree or status of bachelor was awarded to him, or after he was permitted to enrol for the degree in terms of section 10 A (b) of the Universities Act, 1955 (Act 61 of 1955).

(3) (a) Subject to paragraph (b) of this subclause, no candidate shall be admitted to the degree of master in any faculty until at least one academic year after such candidate was awarded an honours degree or the status thereof.

(b) No candidate shall be admitted to any master's degree which follows directly on a bachelor's degree until at least one academic year after such candidate was awarded the degree or status of bachelor.

(4) No candidate shall be admitted to the degree of doctor in any faculty until at least four academic years after such candidate was awarded the degree or status of bachelor: Provided that in the case of Doctor of Business Administration no candidate shall be admitted to the degree until at least two academic years after such candidate was awarded the degree or status of Master of Business Administration.

Certificate of good conduct

46. Subject to section 11 of the Universities Act, 1955 (Act 61 of 1955), and the Joint Statutes, a person formerly registered as a matriculated student of any other university may be admitted as a registered student upon production of a certificate acceptable to the senate as to his conduct at such other university.

Erkenning van bywoning en eksamens aan ander inrigtings

47. Behoudens die bepalings van die Wet op Universiteite, 1955 (Wet 61 van 1955), en die Gemeenskaplike Statute, kan die senaat tydperke van bywoning aan 'n ander universiteit, technikon, onderwysersopleidingskollege of enige ander tersiêre onderwysinrigting deur die senaat vir die doel goedgekeur, aanvaar as deel van die bywoning van 'n student van die Universiteit wat vir toelating tot 'n baccalaureusgraad kwalifiseer, en die senaat kan eksamens waarin die student geslaag het in 'n vak aan 'n universiteit, technikon, onderwysersopleidingskollege of enige ander tersiêre onderwysinrigting deur die senaat vir die doel goedgekeur, erken as vrystelling van die eksamens van die Universiteit in sodanige vak: Met dien verstande dat geen sodanige student tot die baccalaureusgraad toegelaat word nie, tensy—

(a) hy minstens die helfte van die kursusse wat vir die graad aan die Universiteit voorgeskryf is, aan die Universiteit bygewoon het;

(b) sy tydperke van bywoning van enige ander universiteit, technikon, onderwysersopleidingskollege of enige ander tersiêre onderwysinriting deur die senaat vir die doel goedgekeur, en aan die Universiteit, tesame nie minder is nie as die totale tydperk wat vir toelating tot die graad vereis word;

(c) hy in sodanige eksamens van die Universiteit geslaag het as wat die senaat bepaal;

(d) hy die voorgeskrewe gelde betaal het; en

(e) hy in alle ander opsigte aan die vereistes vir die graad voldoen het.

Toelating van gegradueerdes in 'n fakulteit tot grade in ander fakulteite

48. In die geval van 'n kandidaat wat 'n gegradueerde is in 'n fakulteit van die Universiteit of van enige ander universiteit deur die senaat vir die doel goedgekeur kan die senaat tydperke van bywoning en eksamens in 'n vak erken as vrystelling van bywoning en eksamens in sodanige vak voorgeskryf vir 'n graad in enige ander fakulteit: Met dien verstande dat geen sodanige kandidaat tot 'n graad in sodanige ander fakulteit toegelaat word nie, tensy hy aan die voorwaardes voorgeskryf in die voorbehoudsbepaling van klousule 47, voldoen.

HOOFSTUK X

TOEKENNING VAN GRADE

49. (1) Met die doel om grade toe te ken, word 'n vergadering van die lede van die Universiteit gehou wat die kongregasie genoem word en waarna die lede van die raad, die lede van die senaat, die lede van die akademiese personeel, die persone aan wie grade toegeken staan te word en sodanige ander persone as wat die rektor bepaal, uitgenooi word.

(2) Op 'n kongregasie tree die kanselier of, in sy afwesigheid, die vise-kanselier as voorsitter op.

(3) 'n Kongregasie word minstens een maal per jaar gehou op die tyd en plek wat die raad op aanbeveling van die senaat bepaal.

(4) Die rektor bepaal op watter kongregasie 'n graduandus tot 'n graad toegelaat word.

(5) Die prosedure in verband met die voorstelling van graduandi, die toekenning van grade, akademiese drag en alle ander aangeleenthede rakende kongregasies waarvoor hierdie Statuut nie voorsiening maak nie, word deur die senaat bepaal en deur die raad goedgekeur.

(6) Niemand word tot 'n graad, uitgesonderd 'n eregraad, toegelaat nie, tensy die registrateur (akademies) sertifiseer dat sodanige persoon aan al die voorwaardes wat vir sodanige graad voorgeskryf is, voldoen het.

Recognition of attendance and examinations at other institutions

47. The senate may, subject to the provisions of the Universities Act, 1955 (Act 61 of 1955), and the Joint Statutes, accept as part of the attendance of a student of the University who qualifies for admission to the degree of bachelor, periods of attendance at any other university, technikon, teacher training college or any other institution offering tertiary education approved by the senate for the purpose, and the senate may recognize examinations passed in any subject at any university, technikon, teacher training college or any other institution offering tertiary education approved by the senate for the purpose, as exemption from the examinations of the University in such subject: Provided that no such student shall be admitted to the degree of bachelor unless—

(a) he has attended at the University at least one half of the courses prescribed for the degree at the University;

(b) his periods of attendance at any other university, technikon, teacher training college or any other institution offering tertiary education approved by the senate for the purpose, and at the University, are together not less than the complete period required for admission to the degree;

(c) he has passed such examinations of the University as the senate may determine;

(d) he has paid the prescribed fees; and

(e) he has complied in all other respects with the requirements for the degree.

Admission of graduates in any faculty to degrees in other faculties

48. In the case of a candidate who is a graduate in any faculty of the University, or of any other university approved by the senate for this purpose, the senate may recognise periods of attendance and examinations in any subject as exemption from attendance and examination in that subject prescribed for a degree in any other faculty: Provided that no such candidate shall be admitted to a degree in such other faculty unless he satisfies the conditions laid down in the proviso to clause 47.

CHAPTER X

CONFERRING OF DEGREES

49. (1) For the purpose of conferring degrees there shall be held a meeting of the members of the University, to be called a congregation, to which shall be invited the members of the council, the members of the senate, the members of the academic staff, the persons upon whom degrees are to be conferred and such other persons as the rector may determine.

(2) A congregation shall be presided over by the chancellor or, failing him, by the vice-chancellor.

(3) A congregation shall be held at least once a year at such time and place as the council may determine on the recommandation of the senate.

(4) The rector shall determine at which congregation any graduand may be admitted to a degree.

(5) The procedure for the presentation of graduands, the conferring of degrees, academic dress and all other matters regarding congregations not provided for in this Statute shall be determined by the senate and approved by the council.

(6) No person shall be admitted to a degree, other than an honorary degree, unless the registrar (academic) certifies that such person has satisfied all the conditions prescribed for such degree.

Toelating tot gelyke status

50. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Statuut, kan 'n gegradueerde van enige ander universiteit wat deur die senaat kragtens artikel 10A van die Wet op Universiteite, 1955 (Wet 61 van 1955), tot 'n gelykstaande status toegelaat is, aangeneem word as kandidaat vir 'n honneursgraad of vir 'n magister- of doktorsgraad in enige fakulteit, na betaling van die gelde wat deur die senaat met goedkeuring van die raad bepaal word, en met goedkeuring van die raad skryf die senaat 'n datum voor met ingang waarvan sodanige status in werking tree.

(2) Behoudens die bepalings van hierdie Statuut, betaal 'n persoon wat kragtens artikel 10A van die Wet op Universiteite, 1955 (Wet 61 van 1955), toegelaat is as kandidaat vir 'n honneursgraad of vir 'n magister- of doktorsgraad in enige fakulteit, die gelde voorgeskryf deur die raad en moet hy voldoen aan die voorwaardes wat die senaat met goedkeuring van die raad bepaal.

Grade honoris causa

51. (1) 'n Voorstel om 'n eregraad toe te ken, kan slegs deur lede van die raad of van die senaat, of deur lede van die raad en lede van die senaat, ingedien word.

(2) Sodanige voorstel moet deur minstens ses persone skriftelik voor 30 November van elke jaar aan die registrateur (akademies) gedoen word, met opgawe in besonderhede van die redes vir die voorstel.

(3) Sodanige voorstel word verwys na 'n eregraadkomitee bestaande uit die rektor as voorsitter of, in sy afwesigheid, die waarnemende rektor, die voorsitter van die raad, twee ander lede van die raad, drie ander lede van die senaat en die dekaan van die fakulteit waarin die graad toegeken staan te word.

(4) Die eregraadkomitee verstrek aan die senaat die name van die persone wat die komitee vir eregrade aanbeveel, tesame met 'n volledige mededeling van die redes waarop die aanbevelings berus, en geen sodanige aanbeveling word by die raad ingedien nie indien 'n kwart van die senaatslede wat hul amp ten tyde van die stemming beklee, daarteen gekant is.

(5) Stemming in die senaat oor die aanbevelings van die eregraadkomitee, en oor die aanbevelings van die senaat in die raad, geskied by wyse van geslote stembriefies, en geen sodanige graad word toegeken nie indien 'n kwart van die raadslede wat hul amp ten tyde van die stemming beklee, daarteen gekant is.

HOOFSTUK XI

EKSAMENS

52. (1) Behoudens andersluidende bepalings van hierdie Statuut, moet 'n kandidaat vir 'n graad, diploma of sertifikaat slaag in 'n eksamen van die Universiteit in elke kursus wat hy vir daardie graad, diploma of sertifikaat volg.

(2) Behoudens die bepalings van artikel 21 van die Wet, word 'n eksamen of toets, insluitende 'n verhandeling of 'n proefskrif, van die Universiteit wat 'n student in enige vak vir 'n graad, diploma of sertifikaat laat kwalifiseer, afgeneem deur minstens twee eksaminatore deur die senaat aangestel.

(3) Die hoof van die Universiteitsdepartement waarin onderrig gegee word in die vak waarin eksamen afgelê word, is een van die eksaminatore: Met dien verstande dat hy, met toestemming van die senaat, sy verantwoordelikheid aan enige lid van die personeel van sy departement kan delegeer.

Afneem van eksamens

53. 'n Eksamen van die Universiteit word ooreenkomstig reëls wat deur die senaat opgestel is, afgeneem.

Admission to equivalent status

50. (1) Subject to the provisions of this Statute, a graduate of any other University who has been admitted by the senate to an equivalent status in terms of section 10 A of the Universities Act, 1955 (Act 61 of 1955), may be accepted as a candidate for an honours degree or for the degree of master or doctor in any faculty upon payment of such fees as may be determined by the senate with the approval of the council, and the senate shall, with the approval of the council, prescribe a date from which such status is to take effect.

(2) Subject to the provisions of this Statute, a person who has been admitted as a candidate for an honours degree or for the degree of master or doctor in any faculty in terms of section 10 A of the Universities Act, 1955 (Act 61 of 1955), shall pay such fees as laid down by the council and shall satisfy such conditions as may be determined by the senate with the approval of the council.

Degrees honoris causa

51. (1) A proposal to confer an honorary degree may be submitted only by members of the council or of the senate, or by members of the council and members of the senate.

(2) Such proposal shall be made by at least six persons in writing to the registrar (academic) before 30 November in each year, and shall set forth in detail the reasons for the proposal.

(3) Such proposal shall be referred to an honorary degrees committee consisting of the rector as chairman or, in his absence, the acting rector, the chairman of the council, two other members of the council three other members of the senate, and the dean of the faculty in which the degree is to be conferred.

(4) The honorary degrees committee shall submit to the senate the names of the persons it recommends for honorary degrees, together with a full statement of the grounds on which the recommendation are based, and no such recommandations shall be submitted to the council it it is opposed by one fourth of the members of the senate in office at the time of voting.

(5) Voting in the senate on the recommandations of the honorary degrees committee, and on the recommandations of the senate in the council, shall be by secret ballot, and no such degree shall be conferred if it is opposed by one fourth of the members of the council in office at the time of voting.

CHAPTER XI

EXAMINATIONS

52. (1) Except as otherwise provided in this Statute, a candidate for a degree, diploma or certificate shall pass an examination of the University in each course taken by him for that degree, diploma or certificate.

(2) Subject to the provisions of section 21 of the Act, an examination or test including a dissertation or thesis of the University qualifying a student in any subject for a degree, diploma or certificate shall be conducted by at least two examiners appointed by the senate.

(3) The head of the University department in which the subject under examination is taught shall be one of the examiners: Provided that he may, with the permission of the senate, delegate his responsibility to any member of the staff of his department.

Conduct of examinations

53. An examination of the University shall be conducted in accordance with rules framed by the senate.

Toelating tot eksamens

54. 'n Student kan hom vir 'n eksamen in 'n kursus aanmeld slegs indien die senaat van die hoof van die betrokke departement 'n sertifikaat ontvang het ten effekte dat die student hom ooreenkomstig reëls wat deur die senaat opgestel is, bevredigend vir sodanige eksamen voorberei het: Met dien verstande dat sodanige sertifikaat geldig is vir die eksamen van die akademiese jaar waarin dit uitgereik is en, met goedkeuring van die senaat op aanbeveling van die betrokke fakulteit, ook vir daardie kursus in die volgende akademiese jaar.

55. 'n Student vir 'n honneursgraad word nie tot 'n eksamen in enige vak toegelaat nie tensy hy, tot bevrediging van die senaat, 'n sertifikaat van die lektore in sodanige vak voorgelê het ten effekte dat hy 'n goedgekeurde kursus aan die Universiteit bygewoon en die werk van die kursus behoorlik uitgevoer het.

56. 'n Kandidaat vir 'n magister- of doktorsgraad word nie tot die eksamen toegelaat nie tensy hy, tot bevrediging van die senaat, 'n sertifikaat van sy studieleier of promotor voorgelê het ten effekte dat hy 'n goedgekeurde kursus aan die Universiteit begewoon en die werk van sodanige kursus behoorlik uitgevoer het of dat hy, in plaas van die bywoning van 'n goedgekeurde kursus, werk gedoen het wat die senaat goedgekeur het.

HOOFSTUK XII

TUGBEPALINGS

Personeel

57. Die personeel van die Universiteit is onderworpe aan die tugbepalings vervat in die diensvoorwaardes bepaal ingevolge artikel 13 van die Wet op Universiteite, 1955 (Wet 61 van 1955).

Wangedrag van studente

58. (1) 'n Student is aan wangedrag skuldig, indien hy—

(a) hom binne of buite die geboue of binne of buite die terrein van die Universiteit gedra op 'n wyse wat, na die oordeel van die rektor, die goeie naam van die Universiteit of die handhawing van orde of dissipline aan die Universiteit benadeel of kan benadeel;

(b) eiendom van die Universiteit opsetlik vernietig, beskadig, vervreem of hom dit toe-eien;

(c) enige reglement, regulasie of reël betreffende die beheer oor eksamens en klastoetse oortree;

(d) weier om 'n regmatige opdrag uit te voer;

(e) enige verkeersreël van die Universiteit te oortree;

(f) enige regulasie van die Universiteit te oortree;

(g) enige reël van 'n koshuis onder beheer van die Universiteit, oortree;

(h) valse inligting aan die Universiteit verstrek; of

(i) in enige geregshof skuldig bevind word aan 'n misdryf wat na die oordeel van die rektor ernstig genoeg is om dissiplinêre optrede te regverdig.

(2) 'n Aanklag van wangedrag word ten eerste by die rektor aanhangig gemaak.

(3) (a) Indien die rektor van oordeel is dat die betrokke gedrag of optrede van die student 'n bedreiging inhou vir wet en orde aan die Universiteit of vir die akademiese funksionering van die Universiteit, kan hy die registrasie van sodanige student vir 'n vasgestelde tydperk en op die voorwaardes wat hy bepaal, opskort of kanselleer met ingang van 'n datum en tyd deur hom bepaal, en kan hy bepaal dat sodanige student geen verdere reg van toegang tot 'n gebou, plek of grond onder die administrasie van die raad het nie.

Admission to examinations

54. A student may present himself for examination in a course only if the senate has received a certificate from the head of the department concerned to the effect that he satisfactorily prepare himself for such examination in accordance with rules framed by the senate: Provided that such certificate shall be valid for the examination of the academic year in which it is issued and, with the approval of the senate on the recommendation of the faculty concerned, also for that course during the next academic year.

55. A student for an honours degree shall not be admitted to an examination in any subject unless he has submitted a certificate, to the satisfaction of the senate, from the lecturers in such subject to the effect that he attended an approved course at the University and that he duly performed the work of the course.

56. A candidate for the degree of master or doctor shall not be admitted to the examination unless he has submitted a certificate, to the satisfaction of the senate, from his supervisor or promotor to the effect that he attended an approved course at the University and that he duly performed the work of such course or that instead of attending an approved course he performed work approved by the senate.

CHAPTER XII

DISCIPLINARY PROVISIONS

Staff

57. The staff of the University shall subject to the disciplinary provisions contained in the conditions of service determined under section 13 of the Universities Act, 1955 (Act 61 of 1955).

Misconduct of students

58. (1) Any student shall be quilty of misconduct, if he—

(a) in or outside the buildings or on or off the premises of the University conducts himself in a manner which, in the opinion of the rector, is or could be detrimental to the good name of the University or to the maintenance of order or discpline at the University;

(b) wilfully destroys, damages, alienates or appropriates to himself any property of the University;

(c) infringes any by-law, regultion or rule for the control of examinations and class tests;

(d) refuses to carry out any lawful order;

(e) infringes any traffic rule of the University;

(f) infringes any regulation of the University;

(g) infringes any rule of a residence under the control of the University;

(h) furnishes the University with false information; or

(i) is convicted in any court of law of an offence which in the opinion of the rector is serious enough to warrant disciplinary action.

(2) Any charge of misconduct shall in the first instance be laid before the rector.

